HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

23 Oktober 2018

Geagte Verbruikerstudie-ouers

Hoërskool Centurion is tans besig met ‘n behoeftebepaling rondom ons Verbruikerstudie-fasiliteite by die skool. Ons Verbruikerstudiepersoneel en -leerders is onder baie druk, omdat daar slegs een lokaal vir die hele skool beskikbaar is.

Hoërskool Centurion het ‘n baie trotse akademiese kultuur en ons wil graag ons hoë standaarde handhaaf. Om dit te doen wil ons self ‘n plan maak om ons leerders weer twee lokale te bied.

Hiermee wil ons u as ouers graag uitnooi na ‘n bespreking wat op **Dinsdag, 30 Oktober om 18:30** in die personeelkamer gaan plaasvind. Ons wil graag u insette hoor en hande vat om die projek met groot sukses aan te pak.

Kom kuier gerus na die bespreking saam met ons om ‘n braaivleisvuur. Bring u eie stoele, vleis, bykosse en drinkgoed, die nodige braaifasiliteite sal voorsien word.

Ons sien uit om saam met u ‘n verskil te maak.

Vriendelike groete.

H.J. KOEKEMOER
HOOF